Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 216/03

Datum verhoor: 2005-06-23
Datum gelewer: 2005-06-23

In die appél van:

**DANIEL DEYSEL** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is in die streekhof skuldig bevind op ‘n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal van ‘n motorvoertuig. Die appellant, wat regsverteenwoordiging geniet het, het skuldig gepleit op die ten laste gelegde misdryf soos voormeld. Hy is gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf. Die appellant kom in hoër beroep teen die voormelde opgelegde vonnis.

2. Die appellant was beskuldigde 2 tydens sy verhoor en is sy verhoor geskei van dié van sy mede-beskuldigde (die eertydse beskuldigde 1) nadat laasgenoemde se pleit van skuldig op diefstal nie deur die Staat aanvaar is nie.

3. Dit blyk uit die appellant se artikel 112(2) skriftelike pleitverduideliking dat hy en sy makker 'n Mercedes Benz motorvoertuig ter waarde van R18 000,00 van die De Aar Munisipaliteit, die appellant se eertydse werkgewer, gesteel het. Dit het hulle vermag deur in te breek by 'n stoor van die munisipaliteit. Die appellant se aandeel in die voormelde huisbraak en diefstal soos uiteengesit in sy artikel 112(2) verklaring en soos aanvaar deur die Staat was die volgende:

(a) Die appellant het uitkyk gehou terwyl sy makker die slot van die stoor afgeknip het.

(b) Die appellant het gehelp om 'n brandweerwa wat in die pad was weg te stoot, sodat die Mercedes Benz uit die stoor gekry kon word.

(c) Die appellant het die motorvoertuig bestuur vanaf Britstown tot by Kimberley.

4. Dit blyk verder uit die oorkonde van die verrigtinge dat die motorvoertuig in Kimberley agtergelaat is (dit sou klaarblyklik verkoop word aan 'n koper van Zimbabwe) en dat dit agterna in 'n ongeluk betrokke was en dat die klaer, die De Aar Munisipaliteit, gevolglik skade gely het. Die bedrag van die gelede skade is egter

nie op rekord geplaas nie.

5. Die appellant se persoonlike omstandighede sien as volg daar uit:

(a) Hy is 34 jaar oud, getroud en die vader van vier kinders waarvan drie nog van 'n jong ouderdom is.

(b) Sy vrou is werksaam as 'n huishulp waar sy R400,00 per maand verdien.

(c) Die appellant het, terwyl hy nog voorheen vir De Aar Munisipaliteit gewerk het, R900,00 per maand verdien maar is hy uit diens ontslaan voor die betrokke voorval.

(d) Hy het op die stadium van vonnisoplegging gewerk as 'n tuinier waar hy R500,00 per maand verdien het.

6. Die streeklanddros het tydens vonnisoplegging in ag geneem dat die appellant skuldig gepleit het en hy het dit as 'n teken van berou aangemerk in die appellant se guns. Hy het egter as verswarende faktor in ag geneem dat die appellant vorige veroordelings het, meer bepaald een van roof waarvoor hy 3 jaar en 6 maande gevangenisstraf waarvan 18 maande voorwaardelik opgeskort was, opgelê was. Verdere vorige veroordelings van roekelose of nalatige bestuur van 'n motorvoertuig, sowel as die gebruik van 'n motorvoertuig sonder die eienaar se toestemming, het die landdros tereg aangemerk as van minder belang.

7. Die beperkte bevoegdhede op grond waarvan 'n Hof op Appél kan

inmeng met 'n opgelegde vonnis is welbekend en verg geen herhaling hierin nie. Daar is namens die appellant geen wesenlike mistasting ten aansien van vonnis aangemerk teen die streeklanddros nie, tereg so. Wat die vonnis self aanbetref het Mnr. Van Tonder aan die hand gedoen dat die skokkend onvanpas is en het hy ons verwys na twee beslissings, beide waarvan na my mening onderskeidbaar is van die onderhawige geval. Ek vind die vonnis glad nie skokkend onvanpas nie, inderwaarheid is ek die mening toegedaan dat die streeklanddros die appellant uiters toegeeflik behandel het. Dit verg dan ook vermelding dat die streeklanddros tydens vonnisoplegging die volgende opmerking gemaak het:

"As jy vandag nou nie skuldig gepleit het nie sou ek vir jou 'n hele aantal jare swaarder gestraf het, veral in aanmerking jou vorige veroordelings,. so hierdie vonnis wat ek jou gee is dan die ligste onder die omstandighede."

Ek is dit verder ook eens met Me Jansen namens die Staat, dat hier duidelik 'n aansienlike mate van voorafbeplanning was tussen die appellant en sy makker. Die appellant was deeglik bewus van die omstandighede waaronder die munisipaliteit se voertuie gestoor was en het hy dié kennis misbruik deur hierdie sagte teiken te identifiseer en die Mercedes Benz motorvoertuig so te steel. Die norm by vonnisoplegging vir diefstal van 'n motorvoertuig is gewoonlik direkte gevangenisstraf, vanweë die erns daarvan. Waar die misdryf bykomend gepaardgaan met huisbraak in omstandighede waar daar voorafbeplanning was en waar 'n

beskuldigde persoon 'n tersaaklike vorige veroordeling het van roof, meen ek dat 'n vonnis van vier jaar gevangenisstraf glad nie as skokkend onvanpas aangemerk kan word nie.

8. Ek is gevolglik van mening dat daar geen meriete is in die appél teen vonnis nie.

**Gevolglik word die appél afgewys en die appellant se skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

---

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

---

**HJ LACOCK**
**REGTER**

NAMENS APPELLANT : ADV AJ VAN TONDER
NAMENS RESPONDENT : ADV C JANSEN

DATUM VAN VERHOOR : 2005-06-23
DATUM VAN UITSPRAAK : 2005-06-23